OOSTELIKE SINODE

Ek en Lizna ry verlede naweek na een van ons diep platteland gemeentes toe. Ons draai af by Graskop na die Gorge-Lift kompleks. Wat 'n ervaring...

Nadat jy met die hysbak tot onder in die "gorge" gery het, betree jy 'n wêreld wat jou asem wegslaan. Dis net ongelooflik om te mag beweeg tussen die plante, bome, rotse en water. Oral is daar inligtingsborde wat jou meer vertel van die netwerk van bome en paddastoele en mos en grond en water. Jy kyk en kyk – en wil net nog kyk.

Opvallend word daar nêrens na God verwys nie, maar Hy is oral...

En toe besef ek weer: ons maak te min van verwondering as geloofs-gewoonte. Om net eenvoudig in verwondering te staan, en saggies te neurie "o, Heer my God, as ek in eerbied wonder – en al u werke elke dag aanskou" en "ek sien die veld – die bosse, berge, vlaktes..." en "U Seun word mens in ons gebroke wêreld" en "U maak ons deel van al u grootse werke..."

Dan lees jy met nuwe oë Psalm 8. Jy voel soos Job wat voor die grootheid van God se skepping staan – en die Here op 'n nuwe manier leer ken.

Om met verwondering te leef...

Francois Retief

GEMEENTES EN LERAARS

VAKATURE: NG ERMELO LERAARSPOS

AFLOSLERAARS

Dion van Dyk Emeritus Pretoria | 072 317 0407 | dionvdyk@mweb.co.za
Delanie Bezuidenhout Diensleraar Elarduspark | 079 520 2559 | delaniebezuidenhout@gmail.com
Hancke van Blerk Leraar Piet Retief | 079 872 4829 | hanckevb@gmail.com
Christie Smit Emeritus Pretoria | 083 234 4456 | christiepos@gmail.com
André Fitzgerald Emeritus Pretoria | 082 855 0691 | anfitz@telkomsa.net
Danie Neumann Diensleraar | 072 643 4361 | danie.neumann@outlook.com
Stanley Strydom Beroepbare predikant | 083 299 1090 | stanley.strydom@gmail.com
Charyn Myburgh Beroepbare proponent | 072 562 8964 | charynsm@gmail.com
Stanley Marais Beroepbare predikant | 084 782 3547 | stanleymarais@gmail.com

VANUIT DIE SINODEHUIS

Sinodesitting verblyf

Gemeentes reël self die tipe verblyf wat benodig word vir die Sinodesitting by Tersia in die Sinodehuis.
Moet asseblief nie direk besprekings by Weesgerus doen nie, die Sinodehuis hanteer dit. Vind 'n besprekingsvorm (regs) wat ingevul en teruggestuur kan word aan Tersia by ontvangs@sinoos.co.za

Gemeentes word gevra om onderling met naburige gemeentes te skakel waar daar persone van verskillende geslagte is wat nie verblyf kan deel nie.
Die Sinodehuis kan nie persone "plaas" nie. Gemeentes moet dit asseblief self bestuur.

Kliek hier vir die besprekingsvorm

KANTOOROPLEIDING
HOËVELD 2-4 SEPTEMBER
Middelburg-Suid gemeente

Bespreek jou plek nou!
ontvangs@sinoos.co.za

R500pp
Handleiding, etes en verversings ingesluit

WINKERK NUUS

As jy dit nog nie gebruik nie, wil ons jou graag aanmoedig om dit te gebruik. Watter voordeel gee dit jou?

- Jy kan verslae druk van alle eredienste of jy kan 'n filter opstel deur net sekere eredienste te selekteer en dit te druk.
- Jy kan handige statistiek kry soos byvoorbeeld gemiddelde erediens bywoning van oggenddienste, of nagmaalsdienste ens.

Het jy geweet dat Winkerk 10 'n volledige elektroniese konsistorieboek het?

Ons het ook op 'n gereelde basis opleiding in verskillende aspekte van die Winkerk program. Op die 28ste Aug om 11:00 het ons ook opleiding oor al die "Ander Registers", soos byvoorbeeld die Erediensregister, die Besluiteregister, Bateregister en die Verlofregister. Kliek gerus op die onderstaande link om in te skryf.

Kliek hier vir meer inligting

GEMEENTES WAT FLOREER EN MENSE INSPIREER

DONDERDAG 22 AUGUSTUS | 12:00 | ZOOM

Kliek hier vir die skakel na die ZOOM sessie

EKOKAMPE OM NA UIT TE SIEN!

GR 5'S & 6'S

Meer inligting

Inskrywing- en vrywaringsvorm

GR 7'S

Meer inligting

Inskrywing- en vrywaringsvorm

DAGBOEK OOK ONS EKOLOGIENAWEEK - spesiaal vir gesinne!

29 NOVEMBER - 1 DESEMBER 2024

SAAM MET PROF FRANCOIS DURAND

De Voetpadkloof

(40km vanaf Middelburg op die Loskopdampad)

Meer inligting | Program | Kampeer reëlings

KURSUSSE

26 AUGUSTUS & 2 SEPTEMBER (AANLYN WEBINAAR)

GELOOFSVORMING IN ONS GEMEENTES

In hierdie leergemeenskap wat 26 Augustus 2024 en 2 September 2024 gaan plaasvind gaan ons kyk na geloofsvorming en dissipelskap in ons gemeentes.
Ons gebruik in hierdie webinaar die boek, "Ons word wat ons is" as 'n bronteks om te kyk na die nuutste navorsing in die NG Kerk oor die belangrike onderwerp van dissipelskap en geloofsvorming.

FASILITEERDER

Tom Smith

20 VBO punte

In hierdie aanlyn webinaar wat oor 2 Maandae van 9:00 - 15:00 strek gesels ons saam oor praktyke wat gemeentes kan help om *koinonia* en disspelskap te bevorder.

Om in te skryf

Kostes: R250
Sluitingsdatum: 22.08.2024

Lentekonferensie

17-19 September 2024
Universiteitsoord Pretoria

Lig soos 'n veer op die Asem van God ...
om te leef in die kragveld van die Gees

HOOFSPREKERS

Jan Lubbe

Reggie Nel

Jana van den Munckhof

30 VBO punte

Ons Hoofsprekers vir hierdie jaar gaan gesels oor ons tema vanuit die drie bewegings van die ontwikkeling van Etos (Wie ek is en word), Logos (Wat en hoe ons glo) en Patos (Waar en wie ons dien). Skryf solank die datums in jou dagboek. Ons stuur in Julie meer inligting oor registrasie.

Loer gerus op die Lentekonferensie webblad na die sprekers en die verskillende wegbreeksessies. Maak gebruik van die "early bird" tarief tot en met **18 Augustus.**

Lentekonferensie

PA-WONDE BERADINGSKURSUS

20 AUGUSTUS | 5 VBO punte

DIAKONALE KONFERENSIE

28 - 30 AUGUSTUS

Diakonale konferensie

VANAF DIE ALGEMENE SINODE

Skryf in voor Dinsdag 13 Augustus

Meer inligting

KONFERENSIE KERKWEES 200:VERLEDE, HEDE EN TOEKOMS

UITNODIGING TOT AKADEMIESE BYDRAES | 5 - 6 NOVEMBER

Die Departement Sistematiese en Historiese Teologie van die Universiteit van Pretoria nooi u uit om ‘n voorstel in te dien vir ‘n akademiese bydrae tydens ‘n konferensie wat op 5 - 6 November 2024 in Pretoria plaasvind. Die konferensie is deel van die landswye en ekumeniese herdenking van die eerste Algemene Kerkvergadering wat 200 jaar gelede, vanaf 2 November 1824, in Kaapstad sitting geneem het.

Kliek hier vir meer inligting

Verjaarsdae

Baie geluk aan elkeen wat tussen **9 - 19 Augustus** verjaar.

PREDIKANTE
8 Augustus JI de Wet
8 Augustus Colin Smith
9 Augustus Ruan du Plooy
11 Augustus Johan Bezuidenhout
15 Augustus Hardus van Niekerk

EMERITI
14 Augustus Carl Louwrens
15 Augustus Charl de Kock
16 Augustus Clifford Weinmann
17 Augustus Jannie du Plessis

DOSENT
6 Augustus Alphonso Groenewald
6 Augustus Dirk Human

GEMEENTES
7 Augustus Voetspore Gemeenskapskerk (7 Augustus 1958)
16 Augustus Marble Hall (16 Augustus 1951)

Francois Retief

Uitvoerende Amptenaar
uitamp@sinoos.co.za

Onthou om die inligting op ons webwerf te benut. Die nuutste inligting oor personeelsake, finansiële dokumente, gemeentes se besonderhede en baie meer is beskikbaar.

Ons webtuiste

OOSTELIKE SINODE